(3) Any person referred to in subsection (2) who has paid or has to pay to the Board a special levy on industrial milk or cream or skim-milk, which he has acquired, may recover the amount of any such special levy from the person from whom he has acquired such industrial milk or cream or skim-milk, by deducting it from any amount of which he is indebted to the said person in respect of such industrial milk or cream or skim-milk.

Borrowing of money

23. The Board may borrow money, with the approval of the Minister, to be utilised for the purpose of attaining the objects of this Scheme.

General Fund

24. (1) There is hereby established a fund, to be known as the General Fund, which shall be administered and controlled by the Board and into which shall be

Oplegging van spesiale heffings

22. (1) Die Raad kan behoudens die bepalings van artikel 43 van die Wet, met die goedkeuring van die Minister en op 'n grondslag wat die Raad bepaal, 'n spesiale heffing ople op 'n suiwelproduk of op 'n suiwelproduk van 'n bepaalde klas, graad of kwaliteitstandaard wat—

(a) in die geval van vars melk—

(i) ten behoeve van produsente deur bemiddeling van die Raad verkoop word;

(ii) deur produsente anders as deur bemiddeling van die Raad verkoop word;

(b) in die geval van nywerheidsmelk of room of afgeroomde melk, deur 'n bottervervaardiger, kaasvervaardiger of kondensmelkvervaardiger verkry word;

(c) in die geval van botter, kaas, plaaskaas, melkpoeier, afgeroomde melkpoeier, kondensmelk of afgeroomde kondensmelk deur 'n bottervervaardiger, kaasvervaardiger, plaaskaasmaker of kondensmelkvervaardiger, vervaardig of verkoop word.

(2) 'n Spesiale heffing kragtens subartikel (1) opgelê, moet aan die Raad betaal word op die tye en wyse wat by regulasie kragtens artikel 89 van die Wet voorgeskryf word en is aldus betaalbaar—

(a) in die geval van 'n spesiale heffing op vars melk wat ten behoeve van produsente deur bemiddeling van die Raad verkoop word, deur die produsent ten behoeve van wie dit aldus verkoop word;

(b) in die geval van 'n spesiale heffing op vars melk wat deur produsente anders as deur bemiddeling van die Raad verkoop word, deur die produsent deur wie dit aldus verkoop word;

(c) in die geval van 'n spesiale heffing of nywerheidsmelk of room of afgeroomde melk wat deur 'n bottervervaardiger, kaasvervaardiger of kondensmelkvervaardiger verkry word, deur die vervaardiger wat bedoelde nywerheidsmelk of room of afgeroomde melk aldus verkry;

(d) in die geval van 'n spesiale heffing op botter, kaas, plaaskaas, melkpoeier, afgeroomde melkpoeier, kondensmelk of afgeroomde kondensmelk wat deur 'n bottervervaardiger, kaasvervaardiger, plaaskaasmaker of kondensmelkvervaardiger of vervaardig of verkoop word, die vervaardiger of plaaskaasmaker wat bedoelde melkprodukte aldus vervaardig of verkoop, na gelang van die geval.

(3) 'n In subartikel (2) bedoelde vervaardiger wat 'n spesiale heffing aan die Raad betaal het of moet betaal op nywerheidsmelk of room of afgeroomde melk, wat hy verkry het, kan die bedrag van so 'n spesiale heffing van die persoon van wie hy bedoelde nywerheidsmelk of room of afgeroomde melk verkry het, verhaal deur dit af te trek van enige bedrag wat hy ten opsigte van sodanige nywerheidsmelk of room of afgeroomde melk aan bedoelde persoon verskuldig is.

Leen van geld

23. Die Raad kan met die Minister se goedkeuring, geldleen wat ter verwesenliking van die oogmerke van hierdie Skema aangewend moet word.

Algemene Fonds

24. (1) Hierby word 'n heffingsfonds ingestel wat die Algemene Fonds heet, wat deur die Raad bestuur en beheer moet word en waarin alle gelde gestort moet

paid all moneys received by the Board except such moneys which are to be paid into the Reserve Fund referred to in section 25 or into a special fund contemplated in section 26 or a fund or account referred to in section 37, 45 or 47.

(2) All administrative expenses of the Board shall be paid from the General Fund.

(3) The Board may utilise, with the approval of the Minister, money in the General Fund for any other object which, in the opinion of the Board, will be to the advantage of persons interested in the products to which this Scheme relates.

Reserve Fund

25. (1) There is hereby established a fund to be known as the Reserve Fund which shall be administered and controlled by the Board and into which shall be paid such moneys received by the Board as may be determined by the Minister and such amounts at the disposal of the Board as may from time to time be approved by the Minister or as may after the end of any financial year under this Scheme be determined by the Minister after consultation with the Board.

(2) The Board shall deal with money in any such Reserve Fund in such manner as may be approved by the Minister.

Special funds

26. (1) The Board may establish one or more special funds which shall be administered and controlled by the Board, and into which shall be paid the moneys derived from a special levy imposed under section 22, such other moneys received by the Board as may be determined by the Minister and such amounts at the disposal of the Board as may be approved by the Minister.

(2) The Board may deal with money in any such special fund in such manner as may be approved by the Minister.

Assets of the Board in event of discontinuance of Scheme

27. In the event of discontinuance of this Scheme—

(a) all the assets of the Board after all its debts have been paid, shall be handed over to the Minister and the assets so handed over shall be utilised by the Minister at his discretion for the advancement of the dairy industry;

(b) any deficit which may exist after all the assets of the Board have been realised, shall be borne by producers in proportion to the various amounts, in the form of levy and special levy paid or recovered from them during the period of one year immediately preceding the date on which this Scheme is discontinued.

Financial year

28. The financial year under this Scheme shall be the period from the first day of March in any year to the last day of February in the succeeding year, both days inclusive.

PART IV CONTROL UNDER SCHEME

Records and returns

29. The Board may, with the approval of the Minister—

(a) require any person, or any person belonging to any class or group of persons, to furnish the Board with such information relating to dairy products as may be available to such person and as the Board may specify;

word wat deur die Raad ontvang word, behalwe die gelde wat in 'n in artikel 25 bedoelde Reserwefonds of in 'n spesiale fonds in artikel 26 beoog of in 'n fonds of rekening van 'n in artikel 37, 45 of 47 bedoelde poel gestort moet word.

(2) Alle administratiewe uitgawes van die Raad word uit die Algemene Fonds betaal.

(3) Die Raad kan, met die goedkeuring van die Minister, geld in die Algemene Fonds vir enige ander doel aanwend wat na die oordeel van die Raad tot die voordeel sal strek van persone wat belang het by die produkte waarop hierdie Skema betrekking het.

Reserwefonds

25. (1) Hierby word 'n fonds ingestel wat die Reserwefonds heet, wat deur die Raad bestuur en beheer moet word en waarin die gelde deur die Raad ontvang wat die Minister bepaal, en die bedrae tot die beskikking van die Raad wat die Minister van tyd tot tyd goedkeur of wat die Minister na die end van 'n boekjaar ingevolge hierdie Skema en na oorlegpleging met die Raad bepaal, gestort moet word.

(2) Die Raad kan oor die geld in die Reserwefonds beskik op 'n wyse wat die Minister goedkeur.

Spesiale fondse

26. (1) Die Raad moet een of meer spesiale fondse instel wat deur die Raad bestuur en beheer moet word en waarin die gelde verkry uit 'n spesiale heffing kragtens artikel 22 opgelê, die ander gelde deur die Raad ontvang wat die Minister bepaal en die bedrae tot die beskikking van die Raad wat die Minister goedkeur, gestort moet word.

(2) Die Raad kan oor die geld in so 'n spesiale fonds beskik op die wyse wat die Minister goedkeur.

Bates van die Raad by opheffing van Skema

27. Ingeval hierdie Skema opgehef word—

(a) word alle bates van die Raad, nadat al sy skulde betaal is, aan die Minister oorhandig en die bates aldus oorhandig, word deur die Minister na goedgunst vir die bevordering van die suiwelbedryf aangewend;

(b) word enige tekort wat mag bestaan nadat al die bates van die Raad tot geld gemaak is, gedra deur produsente in verhouding tot die onderskeie bedrae in die vorm van heffing en spesiale heffing kragtens hierdie Skema gedurende die tydperk van een jaar onmiddellik voor die datum waarop die Skema opgehef is deur hulle betaal of op hulle verhaal.

Boekjaar

28. Die Boekjaar ingevolge hierdie Skema is die tydperk vanaf die eerste dag van Maart in enige jaar tot die laaste dag van Februarie in die daaropvolgende jaar, albei dae ingesluit.

DEEL IV

BEHEER KAGTENS DIE SKEMA

Aantekening en opgawes

29. Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring—

(a) enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, gelas om aan die Raad die inligting met betrekking tot 'n suiwelproduk te verstrek waaroer bedoelde persoon beskik en wat die Raad spesifiseer;

(b) prescribe the records to be kept in connection with a dairy product the period for which any such record shall be retained and the returns to be rendered in regard to a dairy product to the Board by any person, or by any person belonging to any class or group of persons or by any person other than a person belonging to any class or group of persons, and the time at which and the form and manner in which such returns shall be so rendered.

Appointment of agents

30. (1) The Board may, subject to conditions approved by the Minister, appoint such agents as it may consider necessary for the proper performance of its functions.

(2) Any person whose application for appointment as an agent under subsection (1) has been refused, or whose appointment as an agent under that subsection has been terminated, may appeal against such refusal or termination to the Minister in terms of section 53 (2) of the Act in the manner prescribed by regulation under section 89 of the Act.

Authorisation and powers of inspectors

31. The Board may, for the purpose of the enforcement of the provisions of this Scheme, empower any person generally or in any particular case at all reasonable hours—

(a) to enter any place occupied by any person who is, or is suspected to be, a producer or a person dealing in the course of trade with a dairy product or any place or vehicle in or on which there is kept or suspected to be kept any quantity of a dairy product by any person;

(b) to inspect such a dairy product and to examine all books and documents at any such place or in or on any such vehicle, which are believed on reasonable grounds to relate to a dairy product and to make copies of or take abstracts from such books and documents;

(c) to demand from the owner or custodian of such a dairy product any information concerning such a dairy product;

(d) to demand from the owner or custodian of any such book or document an explanation of any entry therein;

(e) to seize any books, documents or articles which may afford evidence of the commission of an offence under the Act or this Scheme or any regulation made under the Act, or any quantity of a dairy product in respect of which any such offence is suspected to have been committed, and to remove from the place or vehicle in question or to leave at such place or on such vehicle any books, documents or articles or any quantity of a dairy product which have been so seized, and, if he deems fit, to place on any such book, document, article or a dairy product or on the container thereof, any identification mark which he may consider necessary; and

(f) to take samples of a dairy product including any quantity thereof which has been seized under paragraph (e), and to examine, analyse, classify or grade such samples or cause them to be examined, analysed, classified or graded.

Dealings with product, packing material and containers

32. The Board may—

(a) buy at such a price or on such a basis as the Minister may approve, a dairy product;

(b) die aantekeninge wat in verband met 'n suiwelproduk gehou moet word, die tydperk waarvoor so 'n aantekening gehou moet word en die opgawes wat ten opsigte van 'n suiwelproduk aan die Raad verstrek moet word deur enigiemand, of deur enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of deur enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, voorskryf asook die tye waarop die vorm waarin en die wyse waarop die bedoelde opgawes aldus verstrek moet word.

Aanstelling van agente

30. (1) Die Raad kan, onderworpe aan voorwaardes deur die Minister goedgekeur, die agente aanstel wat die Raad nodig ag vir die behoorlike verrigting van sy werkzaamhede.

(2) Iemand wie se aansoek om aanstelling kragtens subartikel (1) as 'n agent geweier is, of wie se aanstelling kragtens daardie subartikel as 'n agent beëindig is, kan ingevolge artikel 53 (2) van die Wet op die wyse by regulasie kragtens artikel 89 van die Wet voorgeskryf, teen sodanige weiering of beëindiging by die Minister appèl aanteken.

Aanstelling en bevoegdhede van inspekteurs

31. Die Raad kan, vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Skema, enigiemand in die algemeen of in 'n besondere geval magtig om te alle redelike tye—

(a) 'n plek te betree wat geokkupeer word deur iemand wat 'n produsent is of vermoed word 'n produsent te wees van, of deur iemand wat as 'n besigheid handel of vermoed word as 'n besigheid te handel met 'n suiwelproduk of 'n plek of voertuig waarin of waarop daar 'n hoeveelheid suiwelproduk deur iemand gehou word of na vermoede gehou word;

(b) sodanige suiwelproduk te inspekteer en alle boeke en stukke op bedoelde plek of in of op 'n bedoelde voertuig na te gaan wat, na op redelike gronde vermoed word, op sodanige suiwelproduk betrekking het, en afskrifte van uittreksels uit dié boeke en stukke te maak;

(c) van die eienaar van sodanige suiwelproduk of van die persoon wat dit in sy bewaring het, enige inligting aangaande sodanige produk te eis;

(d) van die eienaar van so 'n boek of stuk of van die persoon wat dit in sy bewaring het, 'n verklaring van 'n inskrywing daarin te eis;

(e) beslag te lê op boeke, stukke of artikels wat bewys kan lewer van die pleeg van 'n misdryf ingevolge die Wet of hierdie Skema of 'n kragtens die Wet uitgevaardigde regulasie, of op 'n hoeveelheid van 'n suiwelproduk ten opsigte waarvan so 'n misdryf vermoedelik gepleeg is, en om boeke, stukke of artikels of 'n hoeveelheid van 'n suiwelproduk waarop aldus beslag gelê is, van die betrokke plek of voertuig te verwyder of dit op bedoelde plek of voertuig te laat en na goeddunke 'n identifikasiemerk wat hy nodig ag aan te bring op so 'n boek, stuk, artikel of op die houer van sodanige suiwelproduk; en

(f) monsters te neem van 'n suiwelproduk met inbegrip van 'n hoeveelheid waarop daar beslag gelê is kragtens paragraaf (e) en sodanige monsters te ondersoek, te ontleed, te klassifiseer of te gradeer of te laat ondersoek, ontleed, klassifiseer of gradeer.

Handelinge met produk, pakmateriaal en houers

32. Die Raad kan—

(a) teen dié prys of op dié grondslag wat die Minister goedgekeur, 'n suiwelproduk koop;

(b) treat in such manner as it may deem fit, classify, grade, pack, store, process, adapt for sale, insure, transport and, subject to the provisions of section 19, advertise any dairy product which it has bought;

(c) sell, whether in its original form or processed wholly or in part, a dairy product which it has bought, at such a price or on such a basis as the Minister may approve, or to withhold any part of it from the market;

(d) act as agent for the receipt and sale of a dairy product;

(e) on such conditions as the Minister may approve—

(i) purchase any packing material and containers which producers may require for the marketing of a dairy product;

(ii) sell such packing material and containers to producers of a dairy product or to persons who in the course of their business sell such packing material and containers to such producers.

Registration of certain persons

33. (1) No producer of fresh milk shall sell fresh milk within a controlled area and no distributor or producer distributor shall deal with fresh milk in the course of trade unless he has been registered with the Board.

(2) No butter manufacturer, cheese manufacturer or condensed milk manufacturer shall deal in the course of trade with a dairy product unless he has been registered with the Board.

(3) No producer of fresh milk shall be registered in terms of subsection (1) unless he has complied with the requirements prescribed by regulation under section 89 of the Act and the Board may—

(a) grant such registration for such period as the Board determines;

(b) cancel the registration of any such producer who has contravened or failed to comply with the said requirements;

(c) with the approval of the Minister, determine that such applications for registration will be considered by the Board during one or more specified months of each calendar year, and in respect of every month so specified fix a date as the last date on which such applications will be accepted for consideration during that month and postpone the consideration of all such applications which may be received after a date so fixed, until the next ensuing month so specified.

(4) No distributor, producer-distributor or manufacturer shall be so registered unless he has complied with the requirements prescribed by regulation under section 89 of the Act and the Board may—

(a) with the approval of the Minister, prescribe the procedure in connection with the consideration of applications for such registration;

(b) refuse any such registration or may grant any such registration on such conditions and for such period as it may determine;

(c) annually, with effect from 1 March in each year, render the continued validity of any such registration subject to such conditions as the Board may then determine whether by the imposition of further or new conditions or by the amendment or cancellation of conditions then existing;

(b) 'n suiwelproduk wat hy gekoop het, behandel soos hy goedvind, klassifiseer, gradeer, verpak, opberg, verwerk, vir verkoop gesik maak, verseker, vervoer en behoudens die bepalings van artikel 19 adverteer;

(c) 'n suiwelproduk wat hy gekoop het teen dié prys of op dié grondslag wat die Minister goedkeur, verkoop hetsy in sy oorspronklike of gedeeltelike of geheel en al verwerkte vorm of 'n deel daarvan aan die mark onthou;

(d) as agent optree vir die ontvangs en verkoop van 'n suiwelproduk;

(e) op die voorwaardes wat die Minister goedkeur—

(i) pakmateriaal en houers koop wat produsente nodig het vir die bemarking van 'n suiwelproduk;

(ii) sodanige pakmateriaal en houers verkoop aan produsente van suiwelprodukte of aan persone wat in die loop van hulle besigheid sodanige pakmateriaal en houers aan bedoelde produsente verkoop.

Registrasie van sekere persone

33. (1) Geen produsent van vars melk mag vars melk binne 'n beheerde gebied verkoop nie en geen distribueerder of produsent-distribueerder mag met vars melk binne 'n beheerde gebied as 'n besigheid handel nie, tensy hy by die Raad geregistreer is.

(2) Geen botter-, kaas- of kondensmelkvervaardiger mag met 'n suiwelproduk as 'n besigheid handel nie, tensy hy by die Raad geregistreer is.

(3) Geen produsent van vars melk word kragtens subartikel (1) geregistreer nie tensy hy voldoen het aan die vereistes by regulasie voorgeskryf kragtens artikel 89 van die Wet en die Raad kan—

(a) sodanige registrasie verleen vir sodanige tydperk wat die Raad bepaal;

(b) die registrasie van so 'n produsent wat bedoelde vereistes oortree het of in gebreke gebly het om daaraan te voldoen, intrek;

(c) met die Minister se goedkeuring, bepaal dat aansoeke om registrasie deur die Raad oorweeg sal word gedurende een of meer bepaalde maande van elke kalenderjaar en ten opsigte van elke aldus bepaalde maand 'n datum vasstel as die laaste datum waarop sodanige aansoeke vir oorweging gedurende daardie maand ontvang sal word en die oorweging van alle sodanige aansoeke wat na 'n aldus vasgestelde datum ontvang word, tot die eersvolgende aldus bepaalde maand uitstel.

(4) Geen distribueerder, produsent-distribueerder of vervaardiger word aldus geregistreer nie tensy hy voldoen het aan die vereistes by regulasie kragtens artikel 89 van die Wet voorgeskryf, en die Raad kan—

(a) met die Minister se goedkeuring, die procedure in verband met die oorweging van aansoeke om sodanige registrasie voorskryf;

(b) so 'n registrasie weier, of so 'n registrasie toestaan vir sodanige tydperk en op sodanige voorwaardes wat die Raad bepaal;

(c) jaarliks met ingang van 1 Maart die voortdurende geldigheid van so 'n registrasie onderworpe stel aan die voorwaardes wat die Raad dan bepaal het, deur die oplegging van verdere of nuwe voorwaardes of deur die wysiging of intrekking van voorwaardes wat dan bestaan;

(d) cancel any such registration if the person registered has contravened or failed to comply with a condition imposed by the Board under paragraph (b) or (c).

(5) The Board may impose, in addition to any other conditions which it may lawfully impose, conditions prescribing the nature of the equipment which may be installed, or the class, grade or maximum quantity of a dairy product which may be manufactured or processed or converted or dealt with in the course of trade by the persons mentioned in subsections (1) and (2) and the manner in which, and the place where, or the area within which, and the purpose for which, and the person or classes of persons to whom, that dairy product or a product derived therefrom may be disposed of.

(6) Any person who is dissatisfied with a decision of the Board in connection with any matter relating to his registration by the Board, may in terms of section 59 (6) of the Act, appeal to the Minister against such decision in the manner prescribed by regulation under section 89 of the Act.

Fixing of prices

34. (1) The Board may, with the approval of the Minister, prohibit from time to time any person, or any person belonging to any class or group of persons, or any person other than a person belonging to any class or group of persons, from acquiring, selling or disposing of any quantity of a dairy product or any class or grade thereof, at a price other than or below or above a price fixed by the Board, or calculated in accordance with a basis determined by the Board for a dairy product, or for such class, grade or quantity thereof.

(2) The Board may, with the approval of the Minister, when exercising its powers conferred under subsection (1)—

(a) determine the charges or costs to be included in, added to or deducted from any price referred to in the said subsection;

(b) fix in respect of any quantity of a dairy product or any class or grade thereof, which is acquired for any purpose or by any class of persons, a price which differs from the price fixed in respect of a quantity of a dairy product or of that class or grade thereof, acquired for any other purpose or by any other class of persons;

(c) fix in respect of a dairy product, or of any class or grade thereof, different prices in respect of different quantities or in respect of different times of the year;

(d) require any price so fixed to be displayed in such manner and at such places or on such vehicles and by such persons or classes of persons, as may be determined by the Board.

Fixation of conveyance rates

35. (1) The Board may, with the approval of the Minister, prohibit any person, or any person belonging to any class or group of persons, or any person other than a person belonging to any class or group of persons, from conveying any quantity of a dairy product (except fresh milk) or any class or grade thereof, at a rate other than or below or above a rate fixed by the Board or calculated on a basis determined by the Board.

(d) so 'n registrasie intrek indien die geregistreerde persoon 'n voorwaarde wat deur die Raad kragtens paragraaf (b) of (c) opgelê is, oortree het of versuim om daaraan te voldoen.

(5) Benewens ander voorwaardes wat hy wettiglik mag ople, kan die Raad so 'n aansoek toestaan onderworpe aan voorwaardes wat die aard van die toerusting wat geïnstalleer kan word, of die klas, graad of maksimum hoeveelheid van 'n suwelproduk wat vervaardig of verwerk of omgesit of as 'n besigheid mee gehandel kan word deur die in subartikels (1) en (2) bedoelde persone, en die wyse waarop, en die plek waar of die gebied waarbinne, en die doel waarvoor, en die persoon of klasse persone aan wie hierdie suwelproduk of 'n produk wat daarvan verkry is, van die hand gesit mag word.

(6) Iemand wat ontevrede is met 'n besluit van die Raad in verband met 'n aangeleentheid betreffende sy registrasie deur die Raad, kan ingevolge die bepalings van artikel 59 (6) van die Wet op 'n wyse by regulasie kragtens artikel 89 van die Wet voorgeskryf teen sodanige besluit by die Minister appèl aanteken.

Vasstelling van prys

34. (1) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring van tyd tot tyd enigiemand of iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, verbied om 'n hoeveelheid van 'n suwelproduk of 'n klas of graad daarvan te verkry, te verkoop of van die hand te sit teen 'n ander of laer of hoër prys deur die Raad vasgestel of bereken ooreenkomsdig 'n basis deur die Raad bepaal vir sodanige suwelproduk of vir sodanige klas, graad of hoeveelheid daarvan.

(2) By die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens subartikel (1) kan die Raad, met die Minister se goedkeuring—

(a) die gelde of koste bepaal wat ingesluit of bygevoeg moet word by, of afgetrek moet word van enige prys in genoemde subartikel genoem;

(b) ten opsigte van 'n hoeveelheid van 'n suwelproduk of van enige klas of graad daarvan wat verkry is vir enige doel of deur enige klas persone, 'n prys vasstel wat verskil van die prys wat vasgestel is ten opsigte van 'n hoeveelheid van 'n suwelproduk van sodanige klas of graad daarvan wat verkry is vir 'n ander doel of deur 'n ander klas persone;

(c) ten opsigte van 'n suwelproduk of van enige klas of graad daarvan verskillende prysen ten opsigte van verskillende hoeveelhede of ten opsigte van verskillende tye van die jaar vasstel;

(d) gelas dat 'n aldus vasgestelde prys op so 'n wyse en in so 'n vorm en op sodanige plekke of voertuig en deur sodanige persone of klasse persone as wat die Raad mag bepaal, vertoon moet word.

Vasstelling van vervoertariewe

35. (1) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, verbied om 'n hoeveelheid van 'n suwelproduk (behalwe varsmeuk) of 'n klas of graad daarvan, te vervoer teen 'n ander of 'n laer of 'n hoër tarief as 'n tarief deur die Raad vasgestel of bereken op 'n grondslag deur die Raad bepaal.

(2) Any prohibition imposed under subsection (1) shall apply to a co-operative society or co-operative company which, in terms of its regulations, conveys its members' products and pools the costs of such conveyance among such members, unless such society or company is not otherwise excluded from the operation of such prohibition by reason that it applies only to a class or group of persons to which such society or company does not belong, or to a class or grade of a dairy product with which such society or company does not so deal.

Prohibition on the sale of fresh milk

36. (1) The Board may, with the approval of the Minister, prohibit any producer from selling fresh milk in a controlled area, except to or through the Board or persons registered with the Board as distributors or producer-distributors: Provided, however, that notwithstanding such prohibition and subject to the provisions of subsections (2) and (3) and section 38 (3), the Board may—

- (a) permit a producer-distributor to sell, subject to such exceptions and conditions as may be determined by the Board, fresh milk to any person;
- (b) with the approval of the Minister, at any time by permit authorise a producer to sell fresh milk produced by him, or any quantity thereof, or for a purpose determined by the Board, on such conditions as the Board may determine.

(2) Save as is provided in subsection (3), the Board may prohibit any producer-distributor from dealing in the course of trade in a controlled area with fresh milk which he has acquired from any person.

(3) Whenever the Board has imposed a prohibition in terms of subsection (2), it may prescribe, subject to such conditions or exceptions as it may determine, the maximum quantity of fresh milk or the maximum quantity thereof as determined on a basis determined by the Board, which a producer-distributor may acquire from any person on any day or during any period determined by the Board, for the purpose of dealing therewith in the course of trade in the area concerned.

(4) Whenever the Board has imposed a prohibition under subsection (1), it may conduct—

- (a) a surplus pool in terms of section 37; or
- (b) such surplus pool in conjunction with a milk sales fund in terms of section 38 and 39 or 40, as the case may be.

Conducting of surplus pool for fresh milk

37. (1) Subject to the provisions of section 36 (4), the Board may in respect of any controlled area, establish and conduct a surplus pool to which—

- (a) any producer registered for such controlled area in terms of section 33, may deliver fresh milk produced by him in excess of the quantity he can dispose of to distributors or producer-distributors registered in the controlled area;

(2) 'n Verbod opgelê kragtens subartikel (1) is van toepassing op 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy wat ingevolge sy regulasie sy lede se produkte vervoer en die koste van sodanige vervoer tussen die lede verpoel, tensy sodanige vereniging of maatskappy nie andersins uitgesluit is van die werking van so 'n verbod op grond daarvan dat dit slegs betrekking het op 'n klas of groep persone waartoe daardie vereniging of maatskappy nie behoort nie, of op 'n klas of graad suiwelproduk waarmee daardie vereniging of maatskappy nie aldus handel nie.

Verbod op die verkoop van varsmeuk

36. (1) Die Raad kan, met die goedkeuring van die Minister, enige produsent verbied om varsmeuk in 'n beheerde gebied te verkoop, uitgesonderd aan of deur bemiddeling van die Raad of persone wat by die Raad geregistreer is as distribueerders of produsent-distribueerders: Met dien verstande egter dat die Raad ondanks sodanige verbod, en onderworpe aan die bepalings van subartikels (2) en (3) asook van artikel 38 (3)—

(a) 'n produsent-distribueerder kan toelaat om, onderworpe aan die uitsonderings en voorwaardes wat die Raad mag bepaal varsmeuk aan enige persoon te verkoop;

(b) met die Minister se goedkeuring te enigertyd 'n produsent by permit kan magtig om varsmeuk wat hy geproduseer het, of enige hoeveelheid daarvan, of vir 'n doel wat die Raad bepaal, te verkoop, op die voorwaardes wat die Raad mag bepaal.

(2) Die Raad kan, behoudens die bepalings van subartikel (3), enige produsent-distribueerder verbied om in 'n beheerde gebied as 'n besigheid te handel met varsmeuk wat hy van enige persoon verkry het.

(3) Wanneer die Raad 'n verbod kragtens subartikel (2) opgelê het, kan hy, behoudens sodanige voorwaardes of uitsonderings as wat hy mag bepaal, die maksimum hoeveelheid varsmeuk of die maksimum hoeveelheid daarvan bereken op sodanige basis as wat die Raad mag bepaal, voorskryf wat 'n produsent-distribueerder van iemand anders mag verkry op 'n dag of gedurende 'n tydperk deur die Raad bepaal, met die doel om daarmee as 'n besigheid in die betrokke gebied te handel.

(4) Wanneer die Raad 'n verbod kragtens subartikel (1) opgelê het, kan hy—

- (a) 'n surpluspoel ingevolge artikel 37 bestuur; of
- (b) sodanige surpluspoel tesame met 'n melkverkopefonds ingevolge artikels 38 en 39 of 40, na gelang van die geval, bestuur.

Bestuur van surpluspoel vir varsmeuk

37. (1) Behoudens die bepalings van artikel 36 (4), kan die Raad ten opsigte van 'n beheerde gebied 'n surpluspoel vir varsmeuk instel en bestuur en waaraan—

- (a) enige produsent wat ingevolge artikel 33 vir sodanige beheerde gebied geregistreer is, varsmeuk kan lewer wat deur hom geproduseer is, maar wat meer is as die hoeveelheid wat hy aan distribueerders of produsent-distribueerders wat in die beheerde gebied geregistreer is, van die hand kan sit;

(b) any distributor or producer distributor registered for such controlled area in terms of section 33 may deliver any quantity of fresh milk in excess of his requirements, on behalf of the producer from whom such fresh milk was received;

and the Board may from time to time direct that any quantity of such fresh milk intended for delivery to the surplus pool for fresh milk, be consigned and delivered to such persons as it may determine.

(2) The Board may finance any pool conducted by it under this section and may treat in such manner as it may deem fit, classify, grade, pack, process, store, adapt for sale, insure, transport and, subject to the provisions of section 19, advertise fresh milk accepted for account of the pool.

(3) As soon as may be possible after the end of every calendar month, the Board shall estimate the net proceeds of the pool in a controlled area in respect of that month by deducting from the sum of—

(a) the gross proceeds which were, according to an estimate by the Board obtained from the sale of fresh milk delivered to the Board and accepted by the Board for account of that pool; and

(b) any amount credited to the said pool with the approval of the Minister,

the costs, as estimated by the Board, incurred in the sale of the fresh milk delivered to the Board and accepted by the Board for account of the said pool, which include all expenses and costs, as estimated by the Board, directly incurred in the receipt, handling, storage, financing and sale of such fresh milk and the costs of conducting the said pool as determined by the Board: Provided that the proceeds derived from the disposal of any fresh milk delivered to the Board and accepted by the Board for account of the said pool in a condition which precludes it from being sold as fresh milk, shall not be included in the said gross proceeds of the pool.

(4) Subject to the provisions of subsection (7), the net proceeds so estimated of the said pool, shall—

(a) if a milk sales fund is established for a controlled area in terms of section 38 (2), be paid into such fund; or

(b) if such a milk sales fund has not been established, be distributed amongst the producers concerned—

(i) in proportion to the total quantity of fresh milk delivered by or on behalf of each such producer to the Board during the calendar month concerned and accepted by the Board for account of such pool; or

(ii) in accordance with a scale of prices for different classes of fresh milk determined by the Board with the approval of the Minister and in proportion to the total quantity of fresh milk of each such class delivered by or on behalf of each such producer to the Board during the calendar month concerned and accepted by the Board for account of such pool: Provided that the Board may, for credit of the pool, reduce the amount so payable to a producer, with an amount determined by him, with the approval of the Minister, in respect of transport costs on the quantity of fresh milk concerned supplied by that producer.

(b) enige distribueerde of produsent-distribueerde wat ingevolge artikel 33 vir sodanige beheerde gebied geregistreer is, enige hoeveelheid varsmeuk wat bo sy behoeftes is, namens die produsent van wie sodanige varsmeuk ontvang is, kan lewer,

en die Raad kan van tyd tot tyd gelas dat enige hoeveelheid van sodanige varsmeuk bestem vir levering aan die surpluspoel vir varsmeuk versend word na en gelewer word aan sodanige persone as wat die Raad mag bepaal.

(2) Die Raad kan 'n poel wat hy ingevolge hierdie artikel bestuur, finansier en varsmeuk vir die rekening van die poel aangeneem, behandel soos hy goedvind, klassifiseer, gradeer, verpak, verwerk, opberg, vir verkoop gesik maak, verseker, vervoer en behoudens die bepalings van artikel 19 adverteer.

(3) So sou doenlik na die einde van elke kalendermaand moet die Raad ten opsigte van daardie maand 'n beraming maak van die netto opbrengs van die poel in 'n beheerde gebied deur die som van—

(a) die bruto opbrengs wat volgens beraming van die Raad verkry is uit die verkoop van varsmeuk aan die Raad gelewer en deur die Raad vir die rekening van daardie poel aangeneem; en

(b) enige bedrag wat met die goedkeuring van die Minister in daardie poel gestort mag word,

af te trek die koste, soos deur die Raad beraam, verbonde aan die verkoop van die varsmeuk aan die Raad gelewer en deur die Raad vir rekening van genoemde poel aangeneem, waarby ingesluit word alle uitgawes en kostes, soos deur die Raad beraam, regstreeks in verband met die ontvangs, hantering, opbergung, financiering en verkoop van sodanige varsmeuk aangaan en die koste van bestuur van genoemde poel soos deur die Raad bepaal: Met dien verstande dat die opbrengs verkry uit die van die hand sit van enige varsmeuk aan die Raad gelewer en deur die Raad vir rekening van die genoemde poel aangeneem, in 'n toestand wat dit onmoontlik maak om dit as varsmeuk te verkoop, nie in die genoemde bruto opbrengs van die poel ingesluit word nie.

(4) Behoudens die bepalings van subartikel (7), moet die Raad die aldus beraamde netto opbrengs van genoemde poel—

(a) indien 'n melkverkopefonds vir 'n beheerde gebied ingevolge artikel 38 (2) ingestel is, in daardie fonds stort; of

(b) indien so 'n melkverkopefonds nie ingestel is nie, onder die betrokke produsente verdeel—

(i) in verhouding tot die totale hoeveelheid varsmeuk deur of ten behoeve van elke sodanige produsent aan die Raad gedurende die betrokke kalendermaand gelewer en deur die Raad vir rekening van die poel aangeneem; of

(ii) volgens 'n skaal van pryse vir verskillende klasse varsmeuk wat die Raad met die goedkeuring van die Minister bepaal en in verhouding tot die totale hoeveelheid varsmeuk van elke sodanige klas deur of ten behoeve van elke sodanige produsent aan die Raad gedurende die betrokke kalendermaand gelewer en deur die Raad vir rekening van die poel aangeneem: Met dien verstande dat die Raad die bedrag aldus aan 'n produsent betaalbaar, kan verminder, vir krediet van die poel, met 'n bedrag wat hy met die goedkeuring van die Minister mag bepaal ten opsigte van vervoerkoste van die betrokke hoeveelheid varsmeuk deur daardie produsent voorseen.

(5) As soon as may be possible after the end of every financial year under this Scheme, the Board shall in respect of that financial year, determine the net proceeds of the pool in a controlled area by deducting from the sum of—

(a) the gross proceeds which are derived from the sale of fresh milk delivered to the Board and accepted by the Board for account of that pool; and

(b) any amount which might have been paid into the said pool with the approval of the Minister;

the costs incurred in the sale of the fresh milk delivered to the Board and accepted by the Board for account of the said pool, which include all expenses and costs directly incurred in the receipt, handling, storage, financing and sale of such fresh milk and the costs of conducting the said pool as determined by the Board: Provided that the proceeds derived from the disposal of any fresh milk delivered to the Board and accepted by the Board for account of the said pool in a condition which precludes it from being sold as fresh milk, shall not be included in the said gross proceeds of the pool.

(6) If the net proceeds of the said pool as determined in terms of subsection (5)—

(a) exceed the total amount paid into the Milk Sales Fund or distributed amongst producers in accordance with subsection (4), the Board shall, if he has established a milk sales fund for the controlled area concerned in terms of section 38 (2), pay the balance concerned into that milk sales fund, or if he has not established such a milk sales fund, distribute the balance concerned amongst the producers concerned in proportion to the total of the various amounts paid during the financial year concerned to each such producer in terms of subsection (4) prior to the deduction of the transport costs therein referred to: Provided that where the said balance in the opinion of the Board and the Minister, is so small that a division thereof is not justified, such balance may be dealt with in a manner approved by the Minister;

(b) are less than the total amount paid into the Milk Sales Fund or distributed amongst producers in accordance with subsection (4), the Board shall, if he has established a milk sales fund for the controlled area concerned in terms of section 38 (2), transfer the deficit to that milk sales fund, or if he has not established such a milk sales fund, recover the said deficit from the producers concerned in proportion to the total of the various amounts paid during the financial year concerned to each such producer in terms of subsection (4) prior to the deduction of the transport costs therein referred to.

(7) The proceeds of any quantity of fresh milk delivered to the Board which in terms of the provisions to subsection (3) and (5) are not included in the gross proceeds of the pool, less the costs incurred in connection with the receipt, handling and disposal of that quantity of fresh milk shall be paid to the person from whom such quantity of fresh milk was received and such quantity of fresh milk shall not be taken into account in the distribution of the net proceeds of the pool referred to in subsection (4) or the net proceeds of the Milk Sales Fund referred to in section 40 (2).

(5) So gou doenlik na die einde van elke boekjaar onder hierdie Skema moet die Raad ten opsigte van daardie boekjaar die netto opbrengs van die poel in 'n beheerde gebied bepaal deur van die som van—

(a) die bruto opbrengs wat verkry is uit die verkoop van varsmelek aan die Raad gelewer en deur die Raad vir rekening van daardie poel aangeneem; en

(b) enige bedrag wat met die goedkeuring van die Minister in daardie poel gestort mag gewees het,

af te trek die koste verbonde aan die verkoop van die varsmelek aan die Raad gelewer en deur die Raad vir rekening van genoemde poel aangeneem, waarby ingesluit word alle uitgawes en kostes regstreeks in verband met die ontvangs, hantering, opbergung, financiering en verkoop van sodanige varsmelek aangegaan en die koste van bestuur van genoemde poel soos deur die Raad bepaal: Met dien verstande dat die opbrengs verkry uit die van die hand sit van enige varsmelek aan die Raad gelewer en deur die Raad vir rekening van genoemde poel aangeneem, in 'n toestand wat dit onmoontlik maak om dit as varsmelek te verkoop, nie in die genoemde bruto opbrengs ingesluit word nie.

(6) Indien die netto opbrengs van genoemde poel soos bepaal ingevolge subartikel (5)—

(a) meer is as die totale bedrag wat ooreenkomsdig subartikel (4) in die Melkverkopfonds gestort of onder produsente verdeel is, moet die Raad indien hy 'n melkverkopfonds vir die betrokke beheerde gebied ingevolge artikel 38 (2) ingestel het, die betrokke saldo in daardie melkverkopfonds stort, of indien hy nie so 'n melkverkopfonds ingestel het nie, die betrokke saldo tussen die betrokke produsente verdeel in verhouding tot die totaal van die verskillende bedrae gedurende die betrokke boekjaar, aan elke produsent ingevolge subartikel (4) betaal voor aftrekking van die daarin vermelde vervoerkoste: Met dien verstande dat waar die saldo na die oordeel van die Raad en die Minister so klein is dat 'n verdeling daarvan nie geregtig is nie, met sodanige saldo gehandel kan word op 'n wyse wat die Minister goedkeur;

(b) minder is as die totale bedrag wat ooreenkomsdig subartikel (4) in die Melkverkopfonds gestort of onder produsente verdeel is, moet die Raad, indien hy 'n melkverkopfonds vir die betrokke beheerde gebied ingevolge artikel 38 (2) ingestel het, die tekort na die melkverkopfonds oordra, of indien hy nie so 'n melkverkopfonds ingestel het nie, genoemde tekort van die betrokke produsente verhaal in verhouding tot die totaal van die verskillende bedrae gedurende die betrokke boekjaar aan elke produsent ingevolge subartikel (4) betaal vóór aftrekking van die daarinvermelde vervoerkoste.

(7) Die opbrengs van enige hoeveelheid varsmelek gelewer aan die Raad wat ingevolge die voorbehoudsbepalings van subartikels (3) en (5) nie by die bruto opbrengs van die poel ingesluit word nie, minus die koste aangegaan in verband met die ontvangs, hantering en van die hand sit van daardie hoeveelheid varsmelek, moet aan die persoon van wie daardie hoeveelheid varsmelek ontvang is, betaal word en sodanige hoeveelheid varsmelek word nie in aanmerking geneem by die verdeling van die in subartikel (4) bedoelde netto opbrengs van die poel of die in artikel 40 (2) bedoelde netto opbrengs van die Melkverkopfonds nie.

Milk Sales Fund

38. (1) If the Board establishes and conducts a pool in terms of section 37, the Board may, with the approval of the Minister, require any person to pay to the Board, on such date as the Board may specify, for the credit of the Milk Sales Fund established in terms of subsection (2) the purchase price of fresh milk purchased and received by him in a controlled area from producers during the preceding calendar month, and not delivered to such pool less any advance payment or other amounts which any such person may, with the consent of the Board, have made to or paid on behalf of any such producer.

(2) Whenever the Board acts in terms of subsection (1), it shall establish a milk sales fund for that controlled area into which, subject to the provisions of this section, all moneys realised on the sale of fresh milk in the area by producers and the net proceeds realised on the sale of milk through the pool referred to in section 37, shall be paid and from which producers shall be paid, in the discretion of the Board, in accordance with section 39 or 40.

(3) (a) It shall be a condition of any exemption granted in terms of section 36 (1) (a) or (b), from the operation of a prohibition imposed in terms of that section, that if the Milk Sales Fund is distributed in terms of section 40, the Board may require, with the approval of the Minister, the producer-distributor or producer concerned to pay to the Board, on such date as the Board may specify, for the credit of the Milk Sales Fund, the purchase price of fresh milk produced and sold by him in the controlled area concerned in terms of such exemption during the preceding calendar month and not delivered in terms of section 37 to the milk pool, less the purchase price of any quantity of such fresh milk as the Board, in its discretion, may determine.

(b) If the Milk Sales Fund is distributed in terms of section 39, this section and section 39 shall apply to all the fresh milk produced and sold in the controlled area concerned by a producer distributor, if such producer-distributor has been exempted in terms of section 36 (1) (a) from the operation of a prohibition imposed in terms of that section, on condition that if the Board imposes a further prohibition in terms of section 36 (2), and then permits such producer-distributor under an exception authorised in terms of section 36 (3) to acquire a greater quantity of fresh milk than that prescribed generally in terms thereof for producer-distributors in such controlled area, the fresh milk so produced and sold by such producer-distributor shall be subject to the provisions of this section and of section 39.

(c) For the purpose of this section any quantity of fresh milk so produced and sold by any such producer-distributor or producer to persons other than distributors or producer-distributors and in respect of which he has been exempted in terms of section 36 (1) (a) or (b) from the operation of a prohibition imposed in terms of that section, shall be deemed to have been purchased by him from the producer thereof.

(4) The Board, may with the approval of the Minister, require any distributor or producer-distributor purchasing fresh milk from a producer or producer-distributor, as the case may be, to furnish the Board with such security as may be prescribed by regulation, for

Melkverkopefonds

38. (1) Indien die Raad 'n poel instel en bestuur ingevolge artikel 37 kan die Raad, met die goedkeuring van die Minister, van enige persoon vereis om op sodanige datum as wat die Raad spesifiseer aan die Raad te betaal, vir die krediet van die Melkverkopefonds, ingestel in gevolge subartikel (2), die aankoopprys van vars melk deur hom in 'n beheerde gebied gekoop en ontvang van produsente gedurende die voorafgaande kalendermaand en nie gelewer aan sodanige poel nie, min enige voorskotbetaling en ander bedrae wat enige sodanige persoon met die toestemming van die Raad gedoen het aan, of betaal het namens enige sodanige produsente.

